## 9 Maart - DOOD

**Skrifgedeelte: Johannes 11:17-27, 40-44**
**Fokusgedeelte: Johannes 11:25**

Dood! Dit is so finaal. Niemand kan iets daaraan verander nie. So was dit ook in die gedagtes van Marta en Maria oor die dood van hulle geliefde broer Lasarus. Wanneer Jesus by hulle aankom, is dit te laat, want Lasarus het gesterwe en is al vier dae lank in die graf. Trane skiet op uit 'n seer gemoed. Hy is weg. Dit is verby.

Elkeen van julle wat al by die graf van iemand gestaan het, kan assosieer met die finaliteit van die dood. Die onomkeerbaarheid daarvan is die ergste. Niemand kan iets daaraan doen nie.

Niemand nie? Uit beide Marta en Maria se woorde wanneer hulle die Here ontmoet, skemer daar tog iets van 'n hoop deur: "Here, as U hier was, sou my broer nie gesterf het nie" (vs 20, 32). As die Here maar daar was, sou Hy dit kon keer. Hulle het reeds geglo dat sy teenwoordigheid 'n verskil sou kon maak aan dood. Uit die woorde blyk daar iets van begrip van die Persoon wat God sou stuur om die dood te oorwin. Die openbaring van Jesus Christus as die oorwinnaar oor die dood sou eers later duideliker word.

Vir Marta en Maria en die omstanders by Lasarus se dood word die sluier van hoop egter wel gelig. Eers die verkondiging van die Here: "Ek is die opstanding en die lewe. Wie in My glo, sal lewe, al sterwe hy ook; en elkeen wat lewe en in My glo, sal in alle ewigheid nooit sterwe nie" (vs 25). Daarna bevestig die Here sy woorde met 'n teken toe Hy die dooie Lasarus beveel om uit die graf te kom (vs 43).

Wat hier gebeur, word kragtige verkondiging in woord en daad van wat later sou kom toe Jesus self sou sterf en opstaan. Hy word in sy Persoon die oorwinnaar oor die dood. Hy word die Eersteling wat uit die dood opgestaan het (1 Kor15:20).

Dood. Niemand kan daar iets aan doen nie? Nee, Jesus Christus het die dood oorwin. Wie in Hom glo sal lewe, al sterwe hulle ook. Glo jy dit?

*Sing:Skrifberyming 1-1:7* *Ds HS Coetzee (Potchefstroom-Noord)*